

Prospektus

Pilgrims

Pilgrims 2020 is 'n ervaring waardeur jongmense, saam in 'n geloofsgemeenskap reis na volwassenheid deur verskeie prosesse en uitdagings.

WAAROM?

Die jong volwasse-stadium van 'n mens se lewe is 'n bloeitydperk waarin groot besluite geneem word. Nie net besluite oor 'n beroep of 'n lewensmaat nie, maar ook kern besluite oor my lewe: "Wie is ek? Watter soort mens wil ek wees? Wat is my lewe se bydrae?". Sedert antieke tye het baie kulture (en kerke) die belangrikheid van hierdie oorgangsfase besef, en wêreldgeskiedenis is ryk aan voorbeelde van oorgangrituele, ritusse of passage- en inisiasie-skole.

Hierdie vormingsreis, binne die veiligheid van 'n geloofsgemeenskap, lê 'n onvervangbare fondasie in enige jongmens se lewe. Dit rus ons toe met die vaardighede waarnatoe God ons roep in ons volwasse lewe. Indien hierdie vormingsproses nie deurgemaak word nie, kan dit jou inhaal later in jou lewe as die groot besluite reeds geneem is.

HOE?

Deelnemers van TYO se Pilgrimage 2020 word op 'n holistiese reis begelei, wat nie net kursusse en Afrika en internationale avonture insluit nie, maar ook kronkel na die donker dieptes van ons eensame binnewêreld. Pilgrims ontmoet baie mede-reisigers langs die pad. Sommige gaan saamstap as deurwinterde mentors, terwyl ander jonges afhanklik gaan wees van hul leierskap en invloed.

Die reis is gewortel in Mosaïek se spiritualiteit (en kalender) en word grotendeels deur Mosaïek personeel gefasiliteer. Saam beweeg die Pilgrims dieper in hul verhouding met God, nader in hul verhouding met mense, en leef God se hoop verder uit.

Pilgrims is 'n voltydse residensiële program van tien maande lank (Februarie tot November), waartydens die jong gemeenskap op TYO se gronde in die Cradle of Humankind, Maropeng woon. Daar is ook 'n drie weke breek in die middel van die jaar.

Die koste vir 2020 beloop R80 000. Hiervan word R75 000 direk aan Mosaïek betaal (R7 500 per maand) en R5 000 (R500 per maand) word self aangewend vir akademiese boeke, ontspanning, lewensmiddele, ens.

UITKOMSTE

1. LEWENSOORGANG-INLYWING:
Deelname aan inisiasie-prosesse en 'n Vision Quest.

2. LEIERSKAP- EN EMOSIONELE ONTWIKKELING:
Vier psigometriese hulpmiddels met deurlopende integrasie, sielkundige begeleiding, blootstelling aan leierskapuitdagings, hulpmiddels en mentors.

3. HOLISTIESE ROETINES BEMEESTER:
Fisiese oefening, eetgewoontes, slaaproetine, studie gewoontes, dienslewering, landbou, en ontspanning.

4. TEOLOGIESE OPLEIDING:
Twee teologiese kursusse (SATS-modules), 'n omvattende groep-leierskapkursus, Formatio-kursusse en seminare.

5. TOEKOMS BEMAGTIGING:
Roepings-onderskeiding, beroepsvelde en studierigtings ondersoek, talente ontwikkel, en lewensvaardighede aanleer (professioneel en persoonlik).

6. SPIRITUELE PRAKTYKE AANLEER:
Begeleiding en oefening in verskeie gemeenskaplike, persoonlike en geïndividualiseerde dissiplines.

7. GEMEENSKAPSLEWE BEOEFEN:
Opleiding en oefening in omvattende vaardighede vir gesonde verhoudings en gemeenskappe, soos besluitneming, konflikhantering, gesonde grense, ens.

BELANGRIKE INLIGTING

1. Vir enige verdere inligting, kontak vir Cindy Bötther by 011 268 4700 of tyo@mosaiek.com.

2. Enige individue tussen die ouderdom van 18 en 25 kan aansoek doen.

3. Koste vir 2020 beloop R8000 per maand, vir tien maande. Dit sluit alles in (kos, verblyf, reiskoste). Die eerste paaiement is betaalbaar binne 30-dae na aanvaarding tot die program. Verder is R500 sakgeld per maand nodig vir die aankoop van akademiese boeke, ontspannings-aktiwiteite en lewensmiddels.

4. Elke Pilgrim moet sy/haar eie skootrekenaar saambring.

5. 'n Basiese mediese dekking (hospitaalplan) is verpligtend.

6. Datums sal vroegtydig deurgegee word. Daar is enkele af naweke, asook 'n reses in die middel van die jaar.

7. 'n Ontspanningslokaal, kombuis en wasmasjien is permanent beskikbaar. Daar is 'n supermark naby die gronde en die Cradlestone Mall is 15 minute weg.

8. Die jongmense woon op TYO se terrein, alhoewel daar van tyd tot tyd reise is na ander dele van die land en ook Europa.

9. Opsioneel: indien die Pilgrims-program vir meer as een jaar gevolg wil word, bestaan die moontlikheid om 'n B. Th graad te voltooi deur die South African Theological Seminary (SATS).

Hoe doen ek aansoek?

Stuur 'n e-pos na tyo@mosaiek.com of kontak vir Cindy Bötther direk by 011 268 4700 vir die skakel na die aansoekvorm.

Sien ons webtuiste: www.tyo.co.za

Wat moet ek saambring?

-Eie beddegoed
-Klere (ook swemklere en draf-tekkies)
-Toiletbenodighede en eie medikasie
-'n Skootrekenaar, skryfbehoeftes, notaboekie en 'n Bybel
-Identiteitsdokument
-Paspoort wat nog geldig moet wees tot middel 2021 en drie oop bladjies hê.

Optioneel...

Enige musiek-instrumente en sporttoerusting wat jy nodig het.

www.tyo.co.za

mosaïek



Prospektus